basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2019

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A

**EN NOU VLIEG TUMI REGTIG!**



1 Boitumelo (Tumi) Katisi van Pimville in Soweto het bewys dat drome waar kan word as jy hard werk. Die pad wat sy gestap het om haar droom waar te maak, was moeilik. Sy het egter aangehou totdat sy suksesvol was.

2 Tumi sê haar mentor of rolmodel was Phetogo Molawa. In 2007 het Phetogo die eerste swart vrou geword om 'n helikopter in die Suid-Afrikaanse Lugmag te vlieg. Hierdeur het sy gewys dat vroue enige werk kan doen wat hulle graag wil doen en nie vir mans hoef terug te staan nie. Tumi was daardie jaar 'n graad 9-leerder aan Hoërskool Bryanston.

3 In graad 10 moes Tumi-hulle 'n taak vir Lewensoriëntering doen. Hulle moes 'n werk kies wat hulle graag eendag wil doen en 'n dag by so 'n werksplek deurbring. Op daardie stadium wou Tumi 'n argitek word, maar sy kon nie 'n werksplek kry waarheen sy kon gaan om haar taak te voltooi nie. Haar tante het as administrasieklerk by die OR Tambo Lughawe gewerk en het toe maar vir Tumi na haar werk toe gevat.

4 Hierdie besoek aan die lughawe het Tumi se lewe in 'n heel nuwe rigting gestuur. Daar was drie redes daarvoor. In die eerste plek het sy vir die eerste keer 'n vliegtuig van naby gesien inkom om te land. Sy het daardie dag ook die kans gekry om die vlieëniers persoonlik te ontmoet. Sy kon met hulle gesels oor waarom daar so min vroulike vlieëniers was. Sy moes hoor dat die meeste vroue verkies om die passasiers in die vliegtuig te bedien. Hierdie drie dinge het Tumi laat besluit dat sý 'n vlieënier wou word!

Kopiereg voorbehou 

5 Dit was moeilik om haar nuwe toekomsdroom waar te maak. Tumi se ma, 'n enkelouer, kon nie vir vlieglesse ná matriek betaal nie. Tumi het besef dat sy self planne vir haar toekoms moes maak. By 'n lugskou wat sy in 2012 bygewoon het, het sy die kans gekry om aansoek te doen vir 'n beurs om ontspanningslugvaart ('recreational aviation') te studeer. Sy was toe gelukkig genoeg om die beurs te kry. Tumi het die opleiding in 6 maande voltooi.

6 In 2013 het Tumi by die vliegskool in Germiston aangesluit om haar private vlieglisensie te kry. Sy moes kort-kort haar opleiding stop om te wag dat haar ma eers genoeg geld bymekaar maak om vir haar lesse te betaal. Vir Tumi was dit nie goed genoeg nie. Sy het besluit om 'n borg ('sponsor') te soek. Sy het self briewe aan verskillende besighede geskryf. Een so 'n besigheid was die Switserse horlosiemakers, Breitling. Hulle het besluit om vir Tumi te help. In Julie 2014 kon Tumi met die hulp van hierdie borg vir haar private vlieglisensie kwalifiseer. Sy is ook aangewys as die vliegskool se hardwerkendste student. Maar al het Tumi nou haar vlieglisensie gehad, het sy steeds nie 'n permanente werk gehad nie.

7 Tumi wou 'n permanente werk as vlieënier hê, maar dan moes sy eers 'n handelsvlieënier word. Nog 'n verdere kwalifikasie! Vriende en Hoëveld Stereo het vir Tumi 'n borg gekry sodat sy haar opleiding as handelsvlieënier ('commercial pilot') kon ontvang. Aan die einde van hierdie kursus is sy as Student van die Jaar aangewys. Dit het dus jare van vasbyt en baie harde werk gekos, maar Tumi het uiteindelik in 2018 haar goue vlerkies gekry. Dit beteken sy het as vlieënier gekwalifiseer.

8 Vlieg bly Tumi se passie. Wanneer sy nie vlieg nie, hou sy daarvan om tuis tyd saam met familie deur te bring, televisie te kyk, na musiek te luister, te lees of te kook. Haar groot droom is om eendag die kaptein van een van SAL se grootste vliegtuie te wees. Sy sê om 'n goeie vlieënier te wees, moet jy nie net goed in Wiskunde en Wetenskap wees nie, maar jy moet ook goed kan kommunikeer en in 'n span kan saamwerk.

9 Tumi tree gereeld as motiveringspreker ('motivational speaker') by skole op. Sy sê die belangrikste rede waarom mense nie hulle drome waar maak nie, is omdat hulle te bang is om nuwe dinge te doen. Mense is dus bang om te waag, want hulle dink hulle sal misluk. Maar wie nie waag nie, wen nie!

[Verwerk uit *Rapport*, 11 November 2018, sci4ubuntu, e.a.]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Waar het Tumi grootgeword? (1)

1.2 Phetogo Molawa was vir Tumi 'n rolmodel.

1.2.1 Watter groot prestasie het Phetogo in 2007 behaal? (1)

1.2.2 Watter les kon Tumi, volgens paragraaf 2, by Phetogo leer? (1)

1.3 Aan watter hoërskool het Tumi studeer? (1)

1.4 Tumi wou nie van die begin af 'n vlieënier word nie.

1.4.1 Watter werk wou Tumi eers gedoen het? (1)

1.4.2 Hoekom het sy dan saam met haar tante lughawe toe gegaan om haar taak te kon doen? (1)

1.5 Waarom kan 'n mens sê dat dit vir Tumi goed was om daardie dag na haar tante se werk toe te gaan? (1)

1.6 Noem DRIE dinge wat Tumi daardie dag by haar tante se werk laat besluit het dat sy 'n vlieënier wou word. (3)

1.7 Tumi het nie gewag dat ander mense dinge vir haar doen nie. Sy het self dinge gedoen om haar drome waar te maak.

Kies 'n gevolg ('effect') in KOLOM B wat by die oorsaak ('cause') in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.7.1 tot 1.7.4) neer, bv. 1.7.5 E.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.7.1 | Daar was net een ouer wat vir Tumi se studies kon betaal. | A | Tumi kon as handelsvlieënier kwalifiseer. |
| 1.7.2 | Tumi het om 'n beurs aansoek gedoen. | B | Breitling het vir Tumi ondersteun. |
| 1.7.3 | Tumi het dringend 'n borg gesoek om haar studies te kon voltooi, sonder om dit kort-kort te stop. | C | Tumi kon haar eerste kursus binne 6 maande voltooi. |
| | | D | Tumi kon nie dadelik ná matriek vlieglesse neem nie. |
| 1.7.4 | Hoëveld Stereo het vir Tumi gehelp. | | |

(4 x 1) (4)

1.8 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Tumi moes opgelei word om as handelsvlieënier te kwalifiseer sodat sy (voltyds/deeltyds) as vlieënier kon werk. (1)

1.9 2018 was 'n suksesvolle jaar vir die jong Tumi Katisi.

Gee TWEE redes uit die teks om hierdie stelling WAAR te maak. (2)

1.10 Hoekom, dink jy, is dit gepas dat vlieëniers "goue vlerkies" ontvang as hulle kwalifiseer? Verwys na beide woorde in jou antwoord. (2)

1.11 Waaruit kan ons aflei dat Tumi in haar vrye tyd nie baie uitgaan nie? (1)

1.12 Wat sal vir Tumi die hoogtepunt van haar loopbaan as vlieënier wees? (1)

1.13 Hoekom, dink jy, is dit belangrik dat 'n vlieënier in 'n span kan saamwerk? (1)

1.14 Waarom kan 'n mens sê dat Tumi 'n motiveringspreker is na wie jongmense gerus kan luister? (1)

1.15 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.15) neer.

"Maar wie nie waag nie, wen nie!" (Slotparagraaf)

Tumi het dit in haar eie lewe bewys, want sy het ...

A nie vir die groot vliegtuie geskrik nie.
B baie vriende gemaak wat haar kon help en ondersteun.
C aangehou om probleme te hanteer en suksesvol op te los.
D seker gemaak dat sy Wiskunde en Wetenskap goed verstaan. (1)

**TEKS B: TYDLYN**

Bestudeer die tydlyn oor die geskiedenis van flieks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## DIE GESKIEDENIS VAN FLIEKS




**1880:** 'n Apparaat wat 'n filmkamera en 'n projektor was, het swart-witfilms opgeneem.

**1891:** Die eerste stilfilm verskyn.



**1897:** Die eerste dokumentêre film verskyn.

**1906:** Die eerste vollengte film,*The Story of Kelly Gang*, verskyn.



**1918:** Die eerste film in kleur, *Cupid Angling*, verskyn.

**1927:** *The Jazz Singer* was die eerste film waarin die akteurs gepraat het.



Walt Disney
Produksies

**1937:** *Snow White and the Seven Dwarfs* verskyn. Dit was die eerste ware animasiefilm.



**2008:** *Iron Man*, die eerste Marvel-fliek, verskyn.

[Verwerk uit Wikipedia]

1.16 Watter EEN woord in die teks pas by die prentjie hieronder?



(1)

1.17 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Die eerste vollengte film was 'n (swart-witfilm/kleurfilm). (1)

1.18 Waarom was *Cupid Angling* 'n hoogtepunt in die geskiedenis van flieks? (1)

1.19 Hoekom kan ons sê dat daar in 1927 'n nuwe fase vir akteurs begin het? (1)

1.20 Wie het die eerste animasiefilm gemaak? (1)

1.21 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Die (prentjies/datums) sê hoe flieks deur die jare heen ontwikkel het. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

In die Lewenswetenskappe-klas gee die onderwyser 'n les oor hoe om in die somer koel te bly. Jy maak 'n opsomming van die les sodat jy dit vir die eksamen kan leer.

### INSTRUKSIES

1. Som die SEWE wenke oor **hoe om in die somer koel te bly**, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke puntsgewys in die regte volgorde neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**BLY KOEL IN DIE SOMER**

As 'n mens sweet en warm kry, is dit nie lekker nie. Hier is wenke om seker te maak dat jy hierdie somer koel bly.

Die klere wat jy dra en die kos wat jy eet, kan 'n verskil maak tussen koel wees of sweet. Katoen kan asemhaal en help dat sweet verdamp. Dra dus ligte katoenklere in die somer. Eet eerder iets ligs soos slaaie en kouevleis as daardie gekookte kos.

Sonbrand is gevaarlik, maar soms moet 'n mens dit buite in die son waag. Dan is dit goed om 'n breërandhoed te dra. Dit keer die son en hou jou gesig en nek koel.

Hoe hou jy jou huis binne koel? Jy maak die plekke waar die hitte inkom, toe. As daar 'n windjie waai, kan jy 'n nat laken voor die oop venster hang. Die vertrek sal gou afkoel.

Spring gerus op 'n warm somersdag onder 'n lou stort in. Dit help om jou liggaamstemperatuur te verlaag.

'n Mens slaap sleg as jou bed warm is. Maak dus vir jou 'n yspak deur jou warmwatersak vol te maak en te vries.

Met hierdie koel wenke sal jy die hitte verjaag en elke dag vars voel.

[Uit: https://southcoastherald.co.za]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS D: ADVERTENSIE**

# DIE VLEISPALEIS

## BRAAI? (3.1) NÓÚ PRAAT JY!!

## Braai is in ons bloed!

**(3.2)** Die Vleispaleis verkoop net die beste vleis. **(3.3)** Jy moet beslis 'n draai by ons kom maak.

Ons bied ons klante die beste. By ons kry jy:
☑ **(3.4)** 'n (Skoon) slaghuis
☑ Produkte om van **(3.5)** (te kies en te keur)
☑ Vleis van goeie **(3.6)** (gehalte)
☑ Goedkoop pryse
☑ **(3.7)** Gereelde winskopies
☑ Vriendelike diens



Hierdie Saterdag …
Skaaptjops teen **(3.8)** 25% afslag!

[Eie teks]

3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

**NÓÚ PRAAT JY!!**

Hierdie sin beklemtoon dat die (adverteerder/leser) baie van braai hou. (1)

3.2 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Die Vleispaleis verkoop net die beste vleis. (1)

3.3 Skryf die sin hieronder oor en begin met die onderstreepte woord.

Jy moet beslis 'n draai by ons <u>kom</u> maak. (1)

3.4 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

'n (Skoon) slaghuis (1)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.5) neer.

" ... **te kies en te keur**" beteken dat ...

A al die produkte in die slaghuis goedgekeur is.
B mense wat wil braai, 'n wye keuse van produkte het.
C die slaghuis self gekies het watter produkte hulle wil verkoop.
D mense wat wil braai, net produkte mag koop wat goedgekeur is. (1)

3.6 Gee 'n SINONIEM vir die woord tussen hakies.

Vleis van goeie (gehalte) (1)

3.7 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

"Gereelde winskopies" beteken dat die klante gereeld (minder/meer) vir vleis betaal. (1)

3.8 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Die %-teken word as (present/persent) uitgespreek. (1)

3.9 Vorm 'n TEENWOORDIGE DEELWOORD van die werkwoord tussen hakies.


Die kok braai die vleis oor die (gloei) kole. (1)

3.10 Waarom werk dit so goed om die ☑ in hierdie advertensie te gebruik? (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

## TEKS E




[Verwerk uit *Die Burger*, 8 Maart 2018]

4.1 Kies die UITROEP wat die beste by die woorde in die eerste spraakborrel pas.

(Ag/Haai), Mevrou! (1)

4.2 Kies die KORREKTE WOORD uit diė tussen hakies.

Jeremy beklemtoon "óns", want hy is (ongelukkig/verbaas) omdat die dame hulle vir die partytjie gekies het. (1)

4.3 Skryf die sin in die korrekte WOORDORDE.

Ek het (onbepland) (voor julle huis) (eendag) gestop en gehoor hoe julle oefen. (1)

4.4 Gee 'n AFRIKAANSE woord vir *weird.* (1)

4.5 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Die (baie) mense ry vinniger as hulle ons hoor. (1)

4.6 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM.

Almal stop. (1)

4.7 Skryf die sin in die LAASTE SPRAAKBORREL in die INDIREKTE REDE.

"Ek het 'n pap band gehad." (1)

4.8 Gee die korrekte vorm van die TELWOORD tussen hakies.

Dis die (een) keer dat dit gebeur. (1)

4.9 Die jong man met die kitaar verstaan eers aan die einde van die gesprek waarom die dame hulle vir die partytjie gekies het.

4.9.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.9.1) neer.

Aan die einde besef hy dat die dame ...

A regtig geglo het hulle speel die beste.
B per ongeluk gehoor het hoe hulle speel.
C baie moeite gedoen het om uit te vind of hulle goed speel.
D na baie ander groepe geluister het voordat sy hulle gekies het. (1)

4.9.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die jong man met die kitaar is gewoond daaraan dat mense (nie na hulle wil luister nie/se motors pap bande voor hulle huis kry). (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**HERWINNING ('RECYCLING')**

Vullis wat oral in hope rondlê, is (5.1.1) ('n/die) grootste probleem in ons land. Dit lyk baie (5.1.2) (mooi) wanneer honderde plastieksakke oral rondwaai. Dit is ook nie goed vir die natuur nie. Daar val elke jaar byna 8 ton plastiek (5.1.3) (...) die see. Dit is baie nadelig vir die seelewe.

Dit het tyd geword dat elke (5.1.4) (land+burger) begin herwin. 'n Mens herwin as (5.1.5) (...) gebruikte produkte vir iets anders gebruik. Dit help (5.1.6) (die baie vullis verminder). Dit bespaar ook natuurlike (5.1.7) (hulpbron) soos hout en water. Ons hoef dan nie so baie daarvan te gebruik om (5.1.8) (nuut) produkte te maak nie.

(5.1.9) (Glas papier en plastiek) word nie op dieselfde manier herwin nie. Daarom moet die verskillende soorte (5.1.10) (material/materiaal) van mekaar geskei word voordat dit herwin kan word. Papier wat herwin word, kan weer gebruik word om kartondose te maak. Glas kan gebruik word om ander glasware te maak. (5.1.11) Mense het kleurvolle handsakke en vloermatjies van plastieksakke gevleg. (5.1.12) (Kombuisafval) kan kompos vir die plante word.

Herwinning sorg nie net vir 'n skoner omgewing nie, (5.1.13) (maar) ook vir 'n gesonder omgewing. Almal moet saamwerk om ons omgewing skoon te hou; selfs die (5.1.14) (kinders).

[Verwerk uit huisgenoot.com]

5.1.1 Kies die korrekte LIDWOORD.

Vullis wat oral in hope rondlê, is ('n/die) grootste probleem in ons land. (1)

5.1.2 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Dit lyk baie (mooi) wanneer honderde plastieksakke oral rondwaai. (1)

5.1.3 Vul die korrekte VOORSETSEL in.

Daar val elke jaar byna 8 ton plastiek ... die see. (1)

5.1.4 Vorm 'n SAMESTELLING met die woorde tussen hakies.

Dit het tyd geword dat elke (land+burger) begin om te herwin. (1)

5.1.5 Vul die ontbrekende PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in.

'n Mens herwin as ... gebruikte produkte vir iets anders gebruik. (1)

5.1.6 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF.

Dit help (die baie vullis verminder). (1)

5.1.7 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Dit bespaar ook natuurlike (hulpbron) soos hout en water. (1)

5.1.8 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Ons hoef dan nie so baie daarvan te gebruik om (nuut) produkte te maak nie. (1)

5.1.9 Vul die ontbrekende LEESTEKEN by die gedeelte tussen hakies in.

(Glas papier en plastiek) word nie op dieselfde manier herwin nie. (1)

5.1.10 Kies die korrekte SPELLING tussen hakies.

Daarom moet die verskillende soorte (material/materiaal) van mekaar geskei word voordat dit herwin kan word. (1)

5.1.11 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Mense het kleurvolle handsakke en vloermatjies van plastieksakke gevleg. (1)

5.1.12 Verdeel "Kombuisafval" in LETTERGREPE. (1)


5.1.13 Gebruik die HOMOFOON van "maar" in 'n sin sodat die betekenis duidelik is. (1)

5.1.14 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Almal moet saamwerk om ons omgewing skoon te hou; selfs die (kinders). (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




[Uit: google images]

5.2.1 Vorm die korrekte PERSOONSNAAM van die werkwoord tussen hakies.

Die meisie **studeer** nog. Ons sê sy is 'n (studeer). (1)

5.2.2 Voltooi die sin.

Sy gebruik haar ... om seker te maak dat sy soggens betyds wakker word. (1)

5.2.3 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

Die meisie studeer (elke aand) tot laat. (1)

5.2.4 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Daar is 'n boekmerk in elke boek. Die meisie weet tot waar sy laas gelees het. (daarom) (1)

5.2.5 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies.

Hoe (hard) sy studeer, hoe beter sal haar punte wees. (1)

5.2.6 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die meisie het al die boeke by die (plek waar 'n mens boeke leen) gekry. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou